

Haar naam is vrou

– Francis Grobler

sy staan op die dryfsand van drome, sonder om te sink
in die reën, sonder om te roes
tóg weet sy dat die dogters van die aarde
steeds vir die reuse moet koes

wie's die een met die vuil verbande - met die rok wat ruik na rook? hulle sê haar naam is vrou

haar susters het gesterf aan asemnood
onder klippe en vlamme in brandstapelrook
want die vrou wat sou praat by die tempelpoort
is kragtens die wet op swye gedood

sy 't haar sole oor die werwels van die berge gesny
té dikwels het haar hart agter gebly
gekruip deur die dorings om dit terug te kry
in die loopgraaf van die liefde in die ploegvore van pyn

wie's die een wat die waters van haar trane seël? hulle sê haar naam is vrou.

haar kussingsloop is soms gevlek
waar die seerste druppels uit haar lyf uitlek
want die oggend was te laat en die nag aspris
sy sal sê dis die dou wat aan haar wimpers sit

sy bereken die skade - kalibreer haar traan
as die lewe met sy voet op haar keel kom staan
sy meet dit af in geheimetaal
ver van die oë van die waterfiskaal

wie's die een wat die taal van die ouboom se wysheid ken? hulle sê haar naam is vrou

die kolke van haar kyk is uitgereën
oor die harde kontant vir die sagte leuens
en vervatte waarheid en voorlopige troos
wat die wêreld in sy winkels aan die vroue verkoop

sy weet dat die mens deur meters vernis
'n duisendkeer vervel voor hy weet wie hy is
sy weet dat die vismotte gate vreet
deur die duur fluweel van n kanselkleed

sy sê leef is die plek tussen graf en wieg
wat verdwaal 't in 'n wêreld wat aanhou lieg
met 'n komplekse opbou en 'n skielike slot
is die doodskleed ons laaste partytjierok

want die wêreld knip sy dogters uit kreukelpapier
die papierpoppe dans nader – ál nader aan die vuur
maar sy weet dat vuur 'n ondier is
en die trane van spyt nie 'n vuur kan blus

wie's die een – die surrogaat, wat die vlae en vlieërs van hoop laat vlieg? hulle sê haar naam is vrou

sonder navigasie of kompas - ongekaart
word sy tééngravitasie vir 'n gitswart nag
want sy bid in die lig van 'n dooie kers
brand gate deur die kake van die swart kombers

tussen oesreste en skroot
skrop sy vir die oorskiet van hoop - haar bloes oopgeknoop
maak dit groot - soog dit aan die bors
want Godweet! die wêreld is dors

wie's die een wat 'n trooswieg van vrede vleg? hulle sê haar naam is vrou

die dooie ster wat spartel op die grond
steek sy aan met die sonne wat sy dra in haar mond
elke droom wat verskiet in die massamoord
skroef sy terug in die lug waar dit hoort

vir die kind met die lakens oor sy kop
gooi sy fakkels in die skagte - hou sy sonne op
want die kind moet sien – die kind moet leer
dat dit vrees is wat die spoke fabriseer

sy't haar vlerke vir die wees uit haar lyf geskeur
toe sy hoor hoe die strate van sarfat ween
haar letsels verfraai met kruisiesteek
maar die oliekan bly vol en die kruik vol meel

wie's die een met die fakkel in die hand – die kryger wat in die skadu staan?
Hulle sê haar naam is vrou…

die vrou praat minder as wat sy weet
haar skouers sal breër as die man s'n meet
want haar swaarde is gesmee in vuur en bloed
daar's kaggels in haar keel – sy swets as dit moet

en snags aan die son se agterkant
sal jy beitels hoor – 'n lamp sien brand
waar sy wegkap aan die eelte aan haar binnekant
met kleur en kwas en ink en klank

die vrou sal 'n bottel sjampanje koop
dit breek teen die boeg van haar eie bors
die waters van die wreedste seë klief
dieselfde see wat haar skommel in sy kies

want die vrou stryk haar vlerke in die nag
verf die kreukels en die merke met vuurvaste glas
haar koers is vas want sy weet vandág
is nader aan môre as wat gister was

hulle sê haar naam is vrou… en as die laaste son homself uitbloei in die weste…

sal sy sit langs salomo – klaarskryf aan die spreuk
sy in afrikaans – hy in hebreeus
net hy en sy en God sal weet
waarom die aarde 'vrou en moeder' heet

hulle sê haar naam is vrou